1. Die meeste van Suid-Afrika se invoere is vervaardigde goedere.

a. Wat is vervaardigde goedere?

b. Gee twee voorbeelde van vervaardigde goedere wat Suid-Afrika invoer.

2. Kyk na die onderstaande tabel en beantwoord die vrae.

| | |
|---|---|
| China | R 84 miljard. |
| Duitsland | R 67 miljard. |
| VSA | R 42 miljard. |
| Japan | R 31 miljard. |
| Saoedi-Arabië | R 24 miljard. |

a. Wat is die totale waarde van invoere vanaf hierdie lande?

b. Hoeveel meer voer Suid-Afrika van Duitsland af in as van Japan af?

c. Wat is die belangrikste invoere van Saoedi-Arabië?

d. Op watter vasteland kry ons China?

3. Voltooi die tabel deur een grondstof vir elke vervaardigde item in te vul.

| | |
|---|---|
| boek | |
| deurraam | |
| stoel | |
| mandjie | |

4. Watter dienste verskaf hierdie mense?

| | |
|---|---|
| Maatskaplike werker | |
| Reisagent | |
| Dokter | |
| Winkelier | |

5. Kyk na die onderstaande vloeikaart wat beskryf hoe tertappels gemaak word. Identifiseer die primêre, sekondêre en tersiêre stadiums van produksie.

| | |
|---|---|
| Appels word in 'n appelboord op 'n plaas gepluk. | |
| Die appels word in die inmaakfabriek verwerk tot tertappels. | |
| Die blikke tertappels word na die groothandelaar vervoer. | |
| Die kleinhandelaar koop dit by die groothandelaar. | |
| Hy vervoer dit na sy winkel. | |
| Hy verkoop dit aan die klante (verbruikers). | |